



Lêerno.: 19/4/10/2  
Verwysing: 20230901-7699

Assesseringsbestuursminuut: 0016/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamen-koördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

**Onderwerp: Vrystelling van nasieners vir die nasien van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen in November 2023**

1. Opvoeders, vakadviseurs en senior kurrikulumbepanners is in Assesseringsbestuursminuut 0004/2023, gedateer 17 Februarie 2023, uitgenooi om aansoek te doen om die poste as interne moderators, hoofnasieners, adjunkhoofnasieners, senior nasieners en nasieners vir die Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) eksamen in November 2023 en die Senior Sertifikaat- (SS-) eksamen in Junie 2024.
2. Die aanvangsdatum vir die nasientydperk sal bepaal word deur die vereiste getal nasieners wat benodig word in vergelyking met die getal opvoeders wat per vak/vraestel aansoek gedoen het om as nasieners op te tree, aook opvoeders met die geskikte kwalifikasies en voldoende ondervinding.
3. In ooreenstemming met die nasionale bestuursplan moet alle prosesse wat met die nasien van antwoordskrifte verband hou, asook die vaslegging van punte, teen 21 Desember 2023 afgehandel wees om die Departement van Basiese Onderwys en Umalusi genoeg tyd te gee om hul verifikasieprosesse te voltooi.
4. 'n Tekort aan nasienbeamptes vir Engels Huistaal Vraestelle 1 tot 3, Engels Eerste Addisionele Taal Vraestelle 2 en 3 en Religiestudies Vraestelle 1 en 2 en Geskiedenis Vraestelle 1 en 2 is egter geïdentifiseer en 'n nuwe nasienmodel vir hierdie vakke moes ingestel word om die nasienstandaarde te handhaaf. Hierdie nasieners word dus versoek om vroeër by die nasiententrums aan te meld. Gevolglik sal die WKOD 'n verspreide benadering vir die begin van die nasientyperk instel.

5. Die WKOD doen dus 'n beroep op alle prinsipale om nasieners vir die volgende vakke en vraestelle toe te laat om op die volgende dae by die nasiensentrums aan te meld:

<b>Vak/Vraestel</b>	<b>Datum waarop nasieners by die nasiensentrums moet aanmeld</b>
Geskiedenis Vraestelle 1 en 2	06 Desember 2023
Engels Huistaal Vraestelle 1, 2 en 3	06 Desember 2023
Engels Eerste Addisionele Taal Vraestelle 1, 2 en 3	06 Desember 2023
Religiestudies Vraestelle 1 en 2	06 Desember 2023
Alle ander vakke	08 Desember 2023

6. Hierdie reëling sal die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) in staat stel om die nasien en moderering van ongeveer een miljoen antwoordskrifte binne die vereiste tydraamwerk te voltooi.
7. Skole wat 'n groot getal opvoeders het wat as nasieners vir Engels Huistaal, Engels Eerste Addisionele Taal Vraestelle 2 en 3, Religiestudies en/of Geskiedenis aangestel is, kan die distriksdirekteur versoek om die vorderings- en bevorderingsverifikasie deur die distrik voor 06 Desember 2023 te voltooi.
8. Die WKOD doen 'n beroep op prinsipale om die nasienproses te ondersteun.
9. Interne moderators, hoofnasieners, adjunkhoofnasieners en senior nasieners meld gewoonlik een dag vroeër as nasieners aan om die nasienlokaal in te rig en om die opleidingsmateriaal vir die nasienproses voor te berei.
10. Die WKOD maak staat op u samewerking en ondersteuning in hierdie belangrike aktiwiteit wat die toekoms van ons leerders bepaal.
11. U ondersteuning word waardeer.

**GETEKEN:** H MAHOMED

**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**

**DATUM:** 2023-10-09